

Geliefde Lourensrivierder

Die wintertrane loop teen die buitekant van my ruit af en dit herinner my aan wat in ons dorpe, gemeenskappe, ons land en in die wêreld aangaan. Sels ons fokusteks hierdie week praat daaroor... Dis 'n prentjie wat mens moedeloos, hartseer en hooploos kan laat, maar dan uit die niet kom die sonstrale deur en maak alles lig, warm en vrolik♪

Dit is vir my die grootste simbool van wat God vermag as ons aan Hom vasklou (partykeer krampagtig, maar ons klou) 😊

As ons mooi tussen die wintertrane en wolke deurkyk (al is dit ook met skrefiesoë) sien ons daar is wel ligstrale (mense) daarbuite wat vol moed, vol vreugde en vol hoop is vir ons dorpe, gemeenskappe, ons land en die wêreld.

Die beste van als is... hierdie mense hou dit nie vir hulself nie en maak 'n verskil van binne uit hul huise tot in elke hoekie van die samelewing waar hul gaan♪ Een persoon op 'n slag...

Mag die Here Sy LIG van binne af in ons aansteek sodat ons nie anders kan as om dit deur ons te laat skyn nie! *Oorgee... Omgee... Aangee...*

(Kry asb van die gratis Lourensrivier "Oorgee, Omgee, Aangee" plakkers by die deure in die voorportale of by die kerkkantoor en plak dit op jul motors of net waar julle goeddink)

NUUSKRUMMELS: 18 Julie 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Sondag oggend se diens word deur Lifeline Jeug aangebied:

Gebruik jou GAWES!
Efesiërs 4: 7 - 16



Sondag 9:00
21 Julie 2019



Constant Varley
Tijane Visser

Ons nooi die hele gemeente uit om asseblief vir 'n slag saam deel te wees van iets wat mos net lekker kan wees.

Die Voedsel fees-komitee doen so baie moeite en wil graag hê dat dit 'n goeie ervaring moet wees en die HELE Gemeente dit geniet.

SONDAG AANSIT-ETE @ LOURENSRIVIER!

28 JULIE 2019 @ 12H30
(FONDSE TBV VOEDSELFEES)

GESELLIGE SAAMKUIER ♪

VOORGEREG
LAMSKERRIE
NAGEREG
TEE/KOFFIE ♪

BRING ASB EIE DRINKGOED SAAM

KAARTJES BY KERKKANTOOR:
R80 (VOLW) & R40 (KINDERS) PP
021 853 5991

GROETE, VOEDSELFEESPAN

Lat jou liggie vidag so skyn dat die mense om jou vi jou sê: "Nei man, dim jou se lights."

Da moet jou antwoord wees:

"Dai's net my parking lights - check my brights!"

En as hulle dan vra:

"Wa koop jy sulke lights?"

Da antwoord jy:

"Dis nie te koop nie, ek kry dit verniet by die Jirre."



LIFELINE:



Pannekoek!

R5

28 Julie 2019

17:30 - 19:00

Alle fondse gaan vir MAG

WEEKERHOEKIE:

Anna se heerlike Marmelade @ R35
Canola & Olyfolie @ R85
Gewone Canola Olie @ R75
Lappiesboontjies @ R50/kg
Heuning @ R60 per potjie (400ml)

Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg
Perskes (lospit)
Pruime
Pere
Rosyne
Gemengde vrugte



NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

SNOEKBRAAI



Ons is bekend vir ons lekker ruim porsies !!!

TEN BATE VAN HUIS ESPERANZA

DATUM : VRYDAG, 26 JULIE 2019
PLEK : HUIS ESPERANZA
DONALDSONSTRAAT 11
STRAND
TYD : ETES KAN TUSSEN 15h00 EN 18h00
BY DIE TEHUIS AFGEHAAL WORD.
ETE : SNOEK, PATAT, BROOD MET KORRELKONFYT
KOSTE : **R50.00** VIR 'N RUIM PORSIE

KONTAK SUSAN BY (021) 854 7393 VIR BESTELLINGS !

BAIE DANKIE VIR U ONDERSTEUNING !

BERG- EN - SEE KLUB VIR SENIOR BURGERS

BYEENKOMS :
DONDERDAG 1 AUGUSTUS 2019

TYD : 09:30
PLEK: NG Moedergemeente Andries Pretoriusstraat, Somerset-Wes

SPREKER:
Dr. Frikkie Lombard praat oor HUMOR IN DIE WOORDEBOEK. Dr. Lombard is die eindredakteur van die WAT en deelnemer aan die gewilde Sondag-radioprogram TAALDINGE (Die Tale wat ons praat") op RSG.

'n Voordragprogram deur leerders van die Laerskool Somerset-Wes en sang deur die bekende Wentzelkinders (kwartet) sal sy praatjie voorafgaan.

Almal, ook besoekers, is baie welkom!

Koste: R15, Besoekers R10, Lede

Kontak: Trina van Schalkwyk
(021 854 4662 of 084 774 3532)

BUURTWAG NUUS:

Julie Nuusbrieff is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak. Indien jy graag die nuusbrieff wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of chגעng@telkomsa.net. Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word: <https://www.facebook.com/strandnw/>

VEILIGHEIDSWENKE VIR KINDERS

- Laat jou ouers of vriende altyd weet waarheen en saam met wie jy gaan.
- Loop altyd in 'n groep skool toe en terug.
- Gaan altyd reguit huis toe na skool.
- As 'n vreemdeling vir jou 'n geleentheid huis toe aanbied, sê nee en hardloop weg.
- As iemand jou te voet agtervolg, kom weg so gou as wat jy kan. Gaan na iemand wat jy ken se huis of hardloop na ander mense toe.
- As iemand jou in 'n motor agtervolg, draai om en gaan in die teenoorgestelde rigting of volg 'n paadjie waar 'n motor nie kan ry nie.
- Moet nooit die skool verlaat of na plekke toe gaan saam met iemand wat jou ongemaklik laat voel nie.
- Moenie alleen na die winkel toe loop nie.
- As jy ongemaklik voel oor die manier waarop iemand aan jou raak of met jou praat, vertel vir iemand, soos jou ma of pa, 'n onderwyser of die polisie.



KNIEWERK:

- ✝ Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- ✝ Innige meegevoel met Willem Dippenaar met die heengaan van sy vrou, Hester
- ✝ Innige meegevoel met die Stassen familie met die heengaan van Alida Stassen

FOKUSTEKS VAN WEEK: AMOS 8:1-12 (SESDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Amos is deel van die sogenaamde klein profete. Hy word bekendgestel as 'n landbouer uit Juda (die Suidelike twee stamme) wat opgetree het in Israel (die Noordelike 10 stamme) tydens die regering van koning Jerobeam II (786-746 vC). In die groter politieke arena het die Assiriese mag toegeneem en was hulle verantwoordelik vir die vernietiging van Israel in 722 vC. Volgens 2 Konings 14:23-29 was Jerobeam nie 'n goeie koning nie. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. As mens egter sy regeringstyd vanuit politieke en ekonomiese oorwegings beoordeel, het hy Israel 'n fase van groei en voorspoed laat beleef. Dit was egter ook hierdie tydperk van vrede en voorspoed wat gemaak het dat die gaping tussen ryk en arm groter geword het. Argeologiese navorsing wys dat daar in dié tyd groter huise gebou is as vroeër. Amos self praat van winters- en somershuise (3:15). Die godsdiens het floreer rondom die heiligdomme en die offersisteesem. Bet-El was die hoofheiligdom en gekoppel aan die koningshuis van Jerobeam. Hierdie heiligdomme het ook markte ingesluit wat handel gedryf het. Mays skryf: "The markets of Jerobeam's kingdom traded in human misery."

Dit is daarom verstaanbaar dat die woord van 'n man vanuit die buurstaat wat homself 'n profeet noem, nie so goed ontvang sou wees nie, veral nie omdat dit 'n woord van oordeel was nie. Die teks wil ons nie in oorsaak-gevolg, sonde-straf ritme laat verval nie, maar moet ons uitnoui om te kyk wat veroorsaak Israel se einde. Dit is konkrete skelm besigheidspraktyke wat ons kan vertaal in terme van ons eie tyd. Die een wat nie het nie, word uitgebuit, wins en groei is die enigste maatstawwe vir sukses. Jammer vir die wat nie kan byhou nie. Soos ander profete, wil Amos ons eintlik stimuleer om ons te verbeel hoe lyk die wêreld waar sulke tipe goed nie gebeur nie. Soos Jesaja tereg skryf: "Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol water is" (Jes 11:9). Dit is hoe Bet-El (huis van God) moes lyk. Die uitbuiters waarvan Amos skryf is dan nie in vandag se taal die wat "kerklos" is nie. Hulle is in die banke, maar hulle fokus is nie God en sy wil nie. Dit gaan net om hulle eie sak. Reinhold Niebuhr het geskryf ons moet onthou dat God se verlange en ons verlange nooit dieselfde is nie, nie eens ons hoogste verlange nie. Amos wil ons herinner dat sodanige verwewing van materiële belange en God se wil, nie 'n speletjie is waarvoor ons net oor ons vingers getik gaan word nie. Dit is doodernstig. Dit het kosmiese implikasies. Dit het te make met hoe God se gesig gewys word vir die wêreld. Dit raak die toekoms van gemeenskappe wat nie kan groei indien moontlikhede nie vir almal oopgesluit word nie. Dit het ook ten diepste betrekking op hoe ons ons medemens verstaan. Sien ons die medemens as geskape na God se beeld en geliefde van God, of bloot as instrument van my eie verryking?

